

'N VILTKUSSING

Grootte

50 x 50 cm-kussing

Benodigdhede

- 0,25 m ecru/afwit 91 wolvilt (180 cm breed)
- 0,55 m beige 33 wolvilt (180 cm breed)
- 0,10 m bruin 35 wolvilt (180 cm breed)
- DMC (art 107/16) ecru/ongebleikte linnekleur
- DMC (art 107/16) beige 841
- DMC (art 107/16) bruin 433
- borduurnaald met 'n skerp punt
- borduurskêr
- 50 cm-ritssluiters
- patroonpapier
- materiaaldeurslagpapier
- wit materiaalpotlood
- 1 kussingvulsel (50 X 50 cm)

Maak so


1. Knip een 51 x 51 cm-voorpant en een 51 X 53 cm-agterpant (1 cm-naattoelating ingesluit) uit die beige vilt vir die kussing.
2. Knip stroke van 21 x 2 cm uit die ecru vilt vir die randstrook met 'n gesamentlike lengte van 210 cm.

Patroon

1. Teken 'n 51 x 51 cm-vierkant op die patroonpapier en dui middellyne aan.
2. Plaas motiewe (ware grootte) op vierkant volgens middellyn. Teken motiewe af en herhaal die gedeelte van die randmotief vir die volle breedte van die kussing.
3. Herhaal die middelste motief deur die patroon 'n halwe keer te draai. Gebruik die aansluittekens as riglyn (verwys ook na diagram). Plaas sirkel op sirkel en pyltjie op pyltjie.

Borduur

1. Trek motiewe op ecru vilt en bruin vilt af volgens die diagram. Die randmotiewe se ecru vilt loop onder die bruin vilt deur tot by die buiterand van die kussing.
2. Knip die motiewe uit en ryg die vilt met groot steke aan die beige




voorkant van die kussing (51 x 51 cm) vas.

3. Werk die buiterande van die motiewe met klein, onreëlmatige dwarssteke vas. Steek die naald reg van bo na onder deur, trek garing deur en steek weer terug na bo. Moenie bloot rygsteke gebruik nie.
4. Knip die beige vilt onder die ecru vilt se randmotief weg voordat die bruin vilt se randmotief vasge- werk word.

Afwerking

1. Sny die breedste deel van die agterpant (51 x 53 cm) middeldeer.
2. Vou die middelste dele 1 cm terug en stik die 50 cm-rits vas. Knip die viltsoom effens weg.
3. Stik die voor- en agterkant van die kussing, verkeerde kante op mekaar, vas.
4. Speld die ecru vilt se randstrook oor die gestikte rande vas en werk met dwarssteke vas.



VIR JOU BANK

Laat jou kuiermense hulle teen dié treffende viltkussing in aardse kleure tuismaak. Verwerk deur Linda van der Spuy

